

A group of approximately 15 people, mostly men in casual work clothes and hats, are standing in a large field of lush green lucerne plants. They appear to be engaged in a field visit or a practical lesson. The background shows a flat landscape under a bright blue sky with scattered white clouds. A yellow vertical line is visible on the right side of the image.

# *Luserngids*

Derde Uitgawe

 **BARENBRUG**





 **BARENBRUG**

Make Life Beautiful

# Inhoud

- 2 Barenbrug Lusern
- 3 Hoekom Lusern?
- 4 Handige wenke vir vestiging
- 5 Kultivar seleksie
- 5 Saaidigthede
- 6 Inokulering
- 7 Benutting
- 11 Herstel fase
- 12 Bemesting
- 13 Verpilde Saad
- 14 Winteraktiewe Lusern
  - BAR 7**
- 16 Hoogs Winteraktiewe Lusern
  - BAR ST**
  - BarALPHA 10**
  - BAR 10**





## Barenbrug Lusern

Lusern is sonder twyfel die koning van alle voergewasse. Wêreldwyd is lusern 'n betroubare, diep gewortelde meerjarige peulgewas wat geskik is vir droëland- en besproeiingstelsels. 'n Uitstaande kenmerk van lusern is aanpasbaarheid oor 'n verskeidenheid grondtipes en veranderlike klimaatsomstandighede.

Lusern se hoof produksie periodes is gedurende lente, somer en herfs, waartydens dit hoogs verteerbare weiding/hooi produseer met hoë proteïenvlakke. Lusern kan geplant word as 'n skoon stand of in sekere omstandighede as 'n komponent van 'n weidingmengsel. Lusern het 'n uitstekende hergroei potensiaal wat veelvuldige beweidings/snysele deur die loop van die jaar moontlik maak, afhangend van seisoenale reënval of beskikbaarheid van besproeiing. Die hoeveelheid en tempo van hergroei hang af van die area, variëteit en bestuurspraktyke.



**Barenbrug lusern is  
jou hooi en voergewas  
oplossing.**

### **Barenbrug SA het die nuutste variëteite vanuit die SARDI teelprogram**

- Verbeterde langlewendheid wat aanleiding gee tot beter produksie
- Wyd aangepas vir meeste klimaatstoestande en bestuurstelsels
- Uitstekende weerstand teen meeste lusernsiektes en peste
- Sterker saailinge wat beter vestiging verseker

# Hoekom Lusern?

<b>Hoë voedingswaarde</b>	Verbeterde gewigstoename, melk- en wolproduksie
<b>Hoogs verteerbaar</b>	Maklik omgeskakel na meetbare toenames van melk, vleis en wol
<b>Hoë DM produksie</b>	Verwagte opbrengs: 15-20 ton/ha, potensiaal: 30 ton/ha
<b>Meerjarig</b>	3 tot 10 jaar produktiewe leeftyd afhangend van die variëteit, area en bestuurstelsel
<b>Veeldoelig</b>	Hooi, weiding, kuilvoer en groenbemesting
<b>Stikstofbinding</b>	Bind hoë vlakke stikstof en verhoog proteïenvlakke in opvolg gewasse
<b>Droogte tolerant</b>	Baie aggressiewe penwortelstelsel (tot 2m diep) wat vog en voedingstowwe opspoor en stoor
<b>Winsgewend</b>	Gesogte lusernhooi kan 'n hoë inkomste voorsien
<b>Waardevolle siekte breek</b>	Voorsien 'n waardevolle siekte breek in gewasrotasies
<b>Geskik vir mengsels</b>	Kan 'n kern rol speel in multi-spesie weidings
<b>Grondstruktuur verbetering</b>	Diep en ontwikkelde penwortelstelsel verbeter grondstruktuur
<b>Onkruidbeheer</b>	Bied die geleentheid vir alternatiewe chemie







## Handige wenke vir vestiging

- Selekteer area vroegtydig sodat aandag geskenk kan word aan die nodige dreinerings, onkruiddruk en algehele chemiese ontleding en regstelling van die grond.
- Maak seker die grond pH (KCl) is hoër as 5 (5.7-6.0 is ideaal).
- Waar insekdruk hoog is word 'n saadbehandeling aanbeveel.
- Saad moet verkieslik met rhizobium-bakterië behandel word vir effektiewe stikstofbinding.
- Rol die oppervlakte nadat saad geplant/uitgestrooi is. Dit bevorder die vestigingsproses deur beter saad-grond kontak en gevolglik beter vogbenutting te verseker.
- Plantdiepte word bepaal deur die grondteipe. Sandgrond = dieper. Kleigronde = vlakker.
- Besluit watter dormansiegroep by jou bestuurstelsel inpas voor jy besluit op 'n spesifieke variëteit.

Dormansie 9-10: Intensiewe kort termyn (3-5 jaar) rotasieselsel waar hoë produksie vereis word.


Dormansie 6-8: Langer termyn (5-8 jaar) stelsel waar volhoubaarheid, siekteweerstand en kwaliteit vereis word.

Vorbereidings Vraelys	Ja	Nee – Benodig aandag
Was lusern vir ten minste 2 jaar nie teenwoordig	✓	Vestig vir ten minste 2 jaar alternatiewe spesies
Is die grond goed gedreineer	✓	Verbeter dreinerings of kies 'n ander land
pH > 5 (KCl)	✓	Verhoog pH met bekalking of kies 'n ander land
Is onkruiddruk vooraf verminder	✓	Vestig vir 1-2 jaar grane en fokus op onkruid beheer, veral breë blare
Geen na opkoms onkruidresidu teenwoordig	✓	Plant alternatief of wag tot onthoudingsperiode verby is
Is die insekdruk onder beheer	✓	Behandel saad

Dormansie	Winter aktiwiteit gradering	Produktiewe lewensduur	Gebruik
Winter dormant	4-5	>8	Wei
Winter aktief	6-7	5-8	Wei en hooi
Hoogs winter aktief	8-11	3-5	Hooi en winter weiding



# Kultivar seleksie



\*Eksperimentele lyn onder evaluering

## Saaidigthede

Saaidigthede vir lusern hang meestal af van die hoeveelheid beskikbare vog (reën of besproeiing). Hoër saaidigthede verseker fyner stamme. Daarom kan dit gebruik word as 'n bestuurswenk vir hooiproduksie onder besproeiing. Laat toe vir 'n kiemings % en vestigings faktor van 65-75%.

Reën	Kg/ha (onverpilde saad)	Kg/ha (verpilde saad)	Minimum plante/m <sup>2</sup> (na eerste somer)
350-450mm	3 - 6	4 - 8	15 - 40
450-600mm	5 - 8	6 - 11	50 - 70
600-800mm	8 - 15	11 - 20	80 - 130
800mm + / Besproeiing	20 - 25	26 - 32	130 - 150

# Inokulering

Wanneer lusern geplant word moet die saad geënt word met rhizobium-bakterië om stikstofbinding toe te laat wat 'n verhoging in opbrengs en kwaliteit tot gevolg kan hê. Rhizobium infekteer die wortels en vorm nodules (knoppies). Atmosferiese stikstofgas (N<sub>2</sub>) word in die nodules deur die rhizobium omgeskakel na ammoniak (NH<sub>3</sub>) en dit word dan deur die lusernplant gebruik vir produksie. In ruil hiervoor bied die lusernplant voedingstowwe, energie en 'n habitat vir die rhizobium om te oorleef. Die vraag kom op of mens entstof na 'n lusern aanplanting kan toedien deur die spilpunt of gifspuit en wat die sukses daarvan is. Hier volg 'n paar opmerkings rakende hierdie onderwerp:

- Entstof moet fisies op die saad wees om met die eerste wortel na kieming in aanraking te kom. Die wortel neem die entstof dadelik op.
- Gifspuite en spilpunte se druk is gewoonlik hoër as 2.5 BAR wat baie skadelik vir die rhizobium kan wees.
- Die konsentrasie entstof "verdwyn" in die hoeveelhede water wat toegedien word en is te min om fisies die saad te bereik.
- Proewe het getoon dat 2 uit 6 toedienings van entstof na plant gewerk het en die res was onsuksesvol.
- Die aanbeveling is dus om te plant met 'n entstof.
- 'n Voordeel van "coated" saad is dat dit reeds rhizobium insluit en dit dus nie nodig is om saad nog addisioneel te inokuleer nie.

Lusern het die vermoë om 170-225kg/ha stikstof te bind, waarvan die plante meeste gebruik vir groei. Indien hierdie peile behaal word kan dit na 'n rand waarde van R4240 tot R5625 omgeskakel word teen 'n koste van R25/kg N (varieër na gelang van kunsmis pryse). Natuurlik is daar verskeie faktore wat stikstof binding beïnvloed. Om die maksimum hoeveelheid stikstof te bind moet daar aandag gegee word aan die volgende faktore:

- Die regte entstof moet gebruik word
- Grond pH – indien dit ongunstig is vir lusern sal dit ongunstig wees vir die rhizobium
- Oorbemesting met stikstof moet vermy word
- Vermy grondvog stres en voedingstof tekorte
- Stikstof binding is direk gekorreleer aan die prestasie van die lusern

## Watter entstof om te gebruik?

Barenbrug verskaf Rizo-Liq lusern entstof vir gebruik op nie-verpilde saad. 1 x 200ml pakkie is voldoende vir 25kg saad.



Gesonde lusern na inokulasie




Lusern entstof



# Benutting

Die ideale tyd om lusern te benut hang af van hoe dit benut word en wat die doel daarvan is in jou voervloeistelsel. Die grafiek onder som die verhouding van opbrengs teenoor kwaliteit op vir verskillende groei stadiums van lusern. Dit is duidelik dat die opbrengs verhoog tot op die volblomstadium, maar dat die kwaliteit terselfdertyd verlaag. Dit word normaalweg toegeskryf aan 'n verhoging van die stam:blaar verhouding en stamme se lignien wat toeneem vir ondersteuning tydens reproduksie (NLT, 2021). Daarom is dit belangrik om die perfekte balans te vind tussen opbrengs en kwaliteit vir jou behoeftes.

Die verhouding van voer opbrengs en kwaliteit by verskillende groeistadiums





## Weiding

Die ideale bestuur van lusern as weiding vereis 'n kort beweidingperiode van 2-3 dae gevolg deur 'n rus- en hergroei periode van ongeveer 20-25 dae oor die somer en langer oor die winter. Vee moet ingejaag word wanneer die lusern in 5-10% blom is en moet die land eweredig bewei. Hierdie praktyk is egter nie altyd haalbaar nie a.g.v. verskeie faktore, maar dié beginsels moet ingedagte gehou word en weiding bestuur moet sodoende aangepas word. Die ideaal is om die verskyning van nuwe lote aan die basis van die plante te gebruik as 'n indikasie om te bepaal wanneer om te bewei. In praktyk kan lusern beperkte drukkeweiding hanteer vir 'n tydperk van 'n paar weke of 'n maand of twee.

Indien periodes van hoë- of lae drukkeweiding geskied, is daar 'n paar beginsels om in gedagte te hou en deel te maak van die bestuursprogram. Vee sal 'n voorkeur hê vir die blare eerder as die stingels van die plante. Dit mag lei tot 'n oormatige inname van proteïene wat probleme soos rooiderm en opblaas tot 'n gevolg kan hê. Lae drukkeweiding mag aanvanklik 'n moontlike toename in veeprestasie toon waarna dit afneem soos die diere met 'n groot hoeveelheid stingels op die land gelaat word. Probeer om 'n sisteem toe te pas waar die hele stingel gevreet word saam met die blare. Moderne kultivars soos die BAR-reeks, wat geselekteer is vir hoë blaar:stingel verhoudings, sal help hiermee. Veebelading sal ook 'n belangrike faktor wees. Die inname van die blare en stingel saam is 'n relatief gebalanseerde dieet van metaboliese energie, ru-proteïen en vesel.

### Lusern weiding voedingswaarde\*

DM (%)	ME (MJ/kgDM)	RP (DM%)	NVV (DM%)
20-28	10-11	18-30	30-45

\* DM – Droë Materiaal ME – Metaboliese Energie RP – Ru-Proteïen NVV – Neutraal Verteerbare Vesel

\* Voedingswaarde wissel tussen verskillende gronde, klimaatsomstandighede, bestuurspraktyke en variëteite.

**Let op:** Lusern weiding kan opblaas veroorsaak daarom moet dit reg bestuur word.  
Vir enige bestuursadvies of raad kontak jou naaste Barenbrug verteenwoordiger.



## Dun jou lusern uit?

Na 'n aantal jare kan lusernplantgetalle in 'n land soms tot laer as wenslike vlakke verminder, maar die lusernstand kan vir nog 'n paar jaar die beste opsie wees. Dit kan 'n baie nuttige strategie wees om die lusern land met 'n geskikte spesie in te saai. As 'n volle lusernstand op daardie land benodig word, is dit beter om die bestaande lusern te termineer, die land te plant met 'n ander spesie soos 'n graangewas vir 'n paar jaar, die redes vir agteruitgang aan te spreek, en dan weer te vestig.

### Insaai opsies vir winter dominante reënvalsones:

Uitkoms	400 - 600mm	600 - 800mm	>800mm/besproei
Hou lusern vir nog 1 jaar	Saai in gedurende herfs met 'n eenjarige spesie, termineer in somer		
	Wizard Voerhawer	Ribeye Eenjarige raaigras (D)	Maximus Eenjarige raaigras (T)
	20 - 50kg/ha	10 - 15kg/ha	15 - 20kg/ha
Hou lusern vir nog 2 jaar	Saai in met 'n kort rotasie meerjarige gras of krui		
	Barmultra II Italiaanse raaigras (T)	Commander Sigorei	Shogun Baster raaigras (T)
	10 - 15kg/ha	4 - 6kg/ha	15 - 20kg/ha
Hou lusern vir nog 3-4 jaar	Saai in met 'n lang rotasie meerjarige gras		
	Baroptima Sagteblaar Langswenkgras	Baroptima Sagteblaar Langswenkgras	Governor Meerjarige raaigras (D)
	12 -15kg/ha	15-20kg/ha	15 - 20kg/ha
Volle lusern stand benodig	Termineer huidige stand. Plant vir 2 jaar ander spesies om die gebinde stikstof te benut. Spreek die redes vir die agteruitgang aan, soos onkruid, vrugbaarheid, pH, dreinerings en vatbaarheid vir siektes, voor daar weer lusern geplant word.		

\* (D) Diploïed (T) Tetraploïed



## Hooimaak

Dit word algemeen aanbeveel dat lusern gesny moet word by 'n 10% blomtyd omdat dit op hierdie stadium is wat lusern se kwaliteit en produksie optimale vlakke bereik. Vir nuwe kultivars soos Barenbrug se BarALFA reeks kan daar egter vroeër as 10% blom gesny word (sien onderstaande tabel). Wanneer gesny word moet daar aandag gegee word aan die hoogte van die nuwe lote (hergroei) aan die basis van die plant. Maak seker dat hierdie lote nie beskadig word tydens die snyproses nie aangesien hierdie lote jou volgende snysel sal wees. Die beste manier om snytyd te bepaal is om te kyk na hergroei. Kneusing is baie nuttig om hooi vinnig te droog en in sekere gevalle is 'n dubbele kneusing al suksesvol gebruik. Opvolgende snysels hang af van die seisoen, dormansie en klimaat.



Sny



Hark



Droog



Baal



Laai




Stoor/Verkoop

Dormansie	Dae (potensiële sny intervalle onder ideale somer groei omstandighede)
Winter dormant	30-34 dae
Winter aktief	25-30 dae
Hoogs winter aktief	21-25 dae






## Sny riglyne vir lusernhooi



## Herstel fase

Lusern moet toegelaat word om minstens eenmaal per jaar te blom om wortelreserwes aan te vul. Die ideaal is dat hierdie blomtydperk plaasvind middel-laat herfs, wat sal verseker dat die plant goeie reserwes het om in die lente weer weg te spring. Die opgeboude voerreserwe oor die herfsperiode kan dan gevoer word as hoë kwaliteit vroeë winter voerrantsoen voor die winter spuitprogram begin. Die herfs rus fase blyk asof dit die belangrikste is om wortel reserwes op te bou. 'n Studie het bewys dat 'n 6 week rus periode wortel massa met tot 100% verhoog, wat meer is as 'n 4 week rus periode. 'n Rusperiode gedurende lente of vroeg somer is minder waardevol soos geïllustreer in die onderstaande figuur. Lusern met goeie wortel reserwes sal sterker deur die winter gaan en vinniger in die lente wegspring.

## Die effek van rusfases op penwortel massa



Die bostaande grafiek illustreer lusern penwortel massas vir twee stelsels, wat min tot geen verskil in die laat winter-lente-vroeg somer toon, maar belangrik is om wortelmasse in die herfs met 'n rusfase te herlaai (Moot et al, Lincoln University 2003).

# Bemesting

Gereelde grondontledings moet gedoen word om voedingstofvlakke te monitor en produksie te handhaaf of verbeter. Weefsel analises kan ook gebruik word om makro- en mikrovoedingstof tekorte te identifiseer.

Lusern kan 'n wye reeks opbrengste lewer wat kan wissel van 10 – 30 ton DM/ha/ jaar. Hierdie opbrengsvlakke gaan gepaard met voedingstof onttrekkings soos onder aangedui. Bemestings programme moet dienooreenkomstig uitgewerk word.

Kunsmis toediening geskied oor die algemeen by intervalle wat die boer pas. Die ideaal is dat toediening met elke snysel geskied, maar kan moontlik net een of twee keer per jaar plaasvind. Molibdeen (Mo) is noodsaaklik vir plantegroei en gesonde stikstof binding. Oorweeg om 300 – 500g/ha natrium molibdaat (of ekwivalent) elke 4-5 jaar toe te dien in areas waar vlakke laag is. Molibdeen moet altyd saam met Koper toegedien word om enige dieregesondheids probleme te voorkom.



## Plant onttrekkings

Voedingstof	Hoeveelheid verwyder per 1 ton hooi
Stikstof	20 - 30kg
Fosfaat	2 - 3kg
Kalium	15 - 20kg
Sulfaat	2 - 4kg
Kalsium	10 - 17kg
Magnesium	2 - 4kg
Zink	20 -50g
Koper	5 - 10g
Boor	25 - 40g
Mangaan	35 - 50g
Yster	50 - 150g





## Verpilde saad

Die gebruik van verpilde lusern saad bied verskeie voordele. Behandelings word saamgestel om verbeterde saailing vestiging te verseker deur die insluiting van groeipromotors, noodsaaklike mikrovoedingstowwe en saadbeskerming in die vorm van swam- en insekdoder. Barenbrug se lusern reeks bied 'n uitstekende siekte en pes weerstand pakket, maar enige lusern benodig steeds beskerming teen dié waarvoor lusern meer vatbaar is, veral in die saailing stadium. Lusern saad kan nou ook vooraf met rhizobium bakterieë geinokuleer word. Met behulp van nuwe tegnologie word hoë vlakke effektiewe Rhizobia in 'n beskermde polimeer matriks geplaas.

Saad behandelings kan jou omgewings impak verminder siende dat swamdoders en insekdoders direk op die saad geplaas word en sodoende die hoeveelheid benodig vir voldoende beskerming, verminder.

### Hoekom vestig verpilde saad beter?

Meer uniforme groottes van verpilde saad verseker beter saad plasing in terme van diepte en spasiëring. Dit maak die sade swaarder, wat beter grond kontak toelaat na vestiging. Dit trek ook vog aan en behou dit sodat die saad beter kan ontkiem en vestig as normale saad. Voordelige bymiddels in saad behandelings verseker dat 'n presiese hoeveelheid beskikbaar is vir die lusern en nie onkruid nie.



## Winteraktiewe Lusern

Winteraktiewe lusern is veelsydig, bied goeie groei tot laat herfs en behou kwaliteit langer as hoogs winteraktiewe lusern. Dit is die mees geskik vir medium tot langtermyn boerderystelsels wat goeie weidingstoleransie en hoë kwaliteit hooi vereis. Dit is ideaal vir produksie onder droëland somerreënval (350mm+) of besproeiing en is nuttig as 'n skoonstand of as 'n meerjarige peulgewas komponent in weiding mengsels. Winteraktiewe lusern kan ook as 'n uitstekende permanente somervoergewas dien in hoë somerreënval areas vir suiwelboerderye omdat dit voer produseer oor 'n langer periode as somer brassicas sonder dieselfde insek probleme.

### BAR 7

⑦ Dormansie 7    💧 350mm+ / Besproeiing    pH 4.5 - 7.5 (KCl)    🌱 Diep en goed gedreineerde grond

BAR 7 (SARDI 7 Series 2) is die volgende generasie winteraktiewe lusern. Dit is een van die veelsydigste lusern variëteite op die mark. Dit is spesifiek geteel om goed te presteer in beide droëland en besproeiings kondisies. BAR 7 bied beter prestasie waar 'n aanhoudende, hoë-produiserende lusern stand nodig word en in weiding situasies waar winter geproduseerde voer gebruik kan word.

#### Kern eienskappe:

- Goed aangepas vir weiding en hooi produksie
- Breë kroon en hoë blaar:stingel verhouding
- Goeie weidingstoleransie
- Winteraktiewe lusern
- Verbeterde prestasie in koue en nat toestande
- Besondere insek- en siekteweerstand
- Dubbeldoel lusern met uitstekende hooi kwaliteit
- 'n Beter toleransie vir lae pH gronde as ander variëteite
- Beter lanklewendheid as ander dormansie 7 lusern variëteite (6-8 jaar produktiewe leeftyd)

**BAR 7 is 'n nuwe generasie winteraktiewe lusern en is meer veelsydig, wyer aangepas en meer volhoubaar as sy SARDI 7 voorganger sowel as ander dormansie 7 variëteite op die mark.**





*Ruan Pienaar, Jan Kempdorp*

“Ek het BAR 7 gevestig middel April teen 30kg/ha en daarmee saam het ek 100kg Fosfaat bemesting vooraf ingewerk. Die eerste skoonmaak snit is einde Augustus gesny en die totale opbrengs vir drie snitte beloop 11.7 ton/ha waarmee ek baie tevrede is. My sny intervale is elke 28 dae. Wat vir my uitstaan is die feit dat al drie snitte as prima gegradeer het, waar ander aanplantings se derde snit eerstegraad was. Ek skryf dit toe aan die dunner stingel en groter blare wat BAR 7 het. BAR 7 voldoen ten volle aan my behoeftes as 'n uitstekende lusern variteit met goeie kwaliteit en opbrengste.”



Algemene indruk: Uitstekende variëteit!

Plantdigtheid 30kg/ha



## Hoogs Winteraktiewe Lusern

Hoogs winteraktiewe variëteite is geteel vir laat herfs / vroeë winter plant en het uitstekende saailing groeikragtigheid vir insaai. Dit het 'n meer regop kroon en groeiwyse, met 'n goeie geskiktheid vir 3 - 5 jaar rotasie stelsels in 350 - 500 mm reënvalsones onder permanente besproeiing. Sommige van die nuwer Australiese variëteite in hierdie groep het 'n verbeterde weiding toleransie omdat hulle geselekteer is vir weiding stelsels.

### BAR ST NEW

⑨ Dormansie 9    💧 Besproeiing    pH 5.0 - 7.5 (KCl)    🌧 Diep en goed gedreineerde grond

BAR ST is ontwikkel met die beste kiemplasma vanaf die VSA en Argentinië. Dit verskaf uitstekende voer en hooi kwaliteit, opbrengste en lanklewendheid. BAR ST bied 'n verbeterde brak toleransie vir ontkiemende saalinge in vergelyking met ander lusern variëteite. Dit kan 'n beter vestiging toelaat in areas waar matige brak toestande vestiging beperk.

#### Kern eienskappe:

- Brak toleransie tydens vestiging
- Sterk groeikrag en vestiging
- Goeie weerstand teen fusarium verwelk, phytophthora wortelvrot en ertjieluis
- Bestand teen antraknose

**Barenbrug se nuwe BAR ST bied die beste brak toleransie in ons lusern reeks.**





## BarALFA 10 NEW

⑩ Dormansie 10  Besproeiing  pH: 5.0 - 7.5 (KCl)  Diep en goed gedreineerde grond

BarALFA 10 is 'n hoë produksie variëteit wat geteel is vanuit die top presteerders in Australië en die VSA. Dit demonstreer uiters vinnige vestiging en bied 'n hoë voeropbrengs reg deur die jaar. Dit beteken dat dit aangepas kan word by verskeie boerderystelsels wat hoë prestasie vereis.

### Kern eienskappe:

- Hoë opbrengspotensiaal, uitsonderlike proefresultate in AUS-, VSA- en SA-proewe
- Goeie plaag en siekte weerstand/toleransie
- Baie hoë opbrengs in woestynomgewings
- Beter vestiging en vinniger tot eerste snit in vergelyking met ouer variëteite
- BarALFA 10 het 'n 35% hoër eerste opbrengs in vergelyking met ouer variëteite in VSA proewe

**BarALPHA 10 is Barenbrug se nuwe dormansie 10 lusern.  
Dit is geteel vir verbeterde lanklewendheid en produktiwiteit.**

*Willie Vorster, Eersteklas Voere*

**"Ek het BarALFA 10 aan die einde van die winter geplant teen 30kg/ha. Ek is baie opgewonde oor die resultate veral as dit by die vinnige vestiging asook tonnemate met die eerste snitte kom. Ek is baie beïndruk met die blaar tot stingel verhouding, hierdie nuwe kultivar gaan verseker met BAR10 teenspoed gee!"**



# Bar 10

Dormansie 10 
 Besproeiing 
 pH: 5.0-7.5 (KCl) 
 Diep en goed gedreineerde grond

BAR 10 is geteel vir maksimale winterproduksie en het uitstekende saailing groeikragtigheid. BAR 10 se kroon het 'n meer regop groeiwyse en is goed aangepas vir 'n 3-5 jaar rotasiestelsel. BAR 10 verskaf maksimum groei in winter dominante reënval streke en 'n kern eienskap is die verbeterde blaardigtheid op die lengte van elke stam. Hierdie verbeterings sorg dat dit uitstekend aangepas is vir Suid-Afrikaanse boerdery stelsels.

### Kern eienskappe:

- Aangepas vir wisselboustelsels, heel jaar hooiproduksie en selfs weidingsmengsels
- Verbeterde voerproduksie en volhoubaarheid vergeleke met sy voorganger SARDI 10
- Uitstekend aangepas vir besproeide woestynklimaat
- Hoë winter produksie en verbeterde wei-toleransie
- Sterk saailinge
- Hoogs produktief oor 'n tydperk van 3 – 5 jaar
- Uitstekende siekte- en insek weerstand
- Gekenmerk deur blaarryke, dun stingels met kort internodes

**BAR 10 is 'n verbetering op sy SARDI 10 voorganger. Die grootste verbeterings sluit in hoër voerproduksie, kwaliteit, pes en plaag/siekte weestand, volhoubaarheid en wei-toleransie.**

### Lusern tabel

Variëteit	Siektes					Gespikkelde
	Phytophthora wortel vrot	Antraknose	Bakteriese verwelk	Verticillium verwelk	Fusarium verwelk	
SA std	LW	LW	LW	LW	LW	V
BAR 7	HW	HW	-	-	-	HW
BAR ST	HW	W	MW	-	HW	-
BarALPHA 10	W	W	MW	W-HW	W	HW
BAR 10	W	W	-	-	-	HW

**Weerstandvlak**    LW Lae Weerstand    V Vatbaar    MW Matige    W Weestand    HW Hoë Weerstand    - Geen data





Plantluse		Nematodes	Dormansie	pH (KCl)	Gebruike
Blou-Groen	Erjie	Stam			
V	V	LW	6	5.0-7.5	H W K G
HW	-	-	7	4.5-7.5	H W K G
HW	HW	-	9	5.0-7.5	H W K G
HW	MW	LW	10	5.0-7.5	H W K G
HW	-	W	10	5.0-7.5	H W K G

Gebruike

H Hooi

W Weiding

K Kuilvoer

G Groenvoer



 **BARENBRUG**

Make Life Beautiful



*Make Life  
Beautiful*

 **BARENBRUG**

# Kontakbesonderhede

**Wes-Kaap** | 021 979 1303

**Gauteng** | 087 808 2652

**Limpopo** | 087 808 2652

**Mpumalanga** | 087 808 2652

**Noordwes** | 072 108 7033

**Vrystaat** | 072 108 7033

**KwaZulu-Natal** | 033 263 1051

**Suid-Kaap** | 082 629 1086

**Oos-Kaap** | 067 412 3725

**Noord-Kaap** | 072 108 7033



'Scan' vir webtuiste

**Vrywaring:** Die inligting wat in hierdie publikasie aangebied word, word in goeie trou aangebied, gebaseer op saadbedryfdata en relevante advies. Elke poging is aangewend om akkuraatheid en vryheid van foute te verseker. Barenbrug, sy agente of adviseurs, aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verlies of optrede wat voortspuit uit die inhoud van die publikasie nie. Kopiereg Barenbrug © 2021. Barenbrug se variëteite word beskerm ingevolge die PTR Wet 1994.

 **BARENBRUG**

   [info@barenbrug.co.za](mailto:info@barenbrug.co.za)

[www.barenbrug.co.za](http://www.barenbrug.co.za)

